# Aanbiddingsverwondering

*"In die begin het God die hemel en die aarde geskep"*
Die heel eerste vers van U Woord
Dalk die mees gelaaide uitspraak in U ganse Woord!

Om te dink dat ék, 'n stoffie op hierdie aarde
wat 'n stoffie in die sonnestelsel is
wat 'n stoffie in die melkweg is
wat 'n stoffie in die heelal is
wat soos 'n stoffie in die Skepper se handpalm lê
dat ék, o Ewig-ongeskapene, vir tyd en ewigheid aan U behoort!

Kan dit wees dat U mý voor die grondlegging van die aarde uitverkies het?
Kan dit wees dat U mý uitgehaal het uit die ou gevalle skepping uit
— uit die eerste Adam uit —
en my weer 'n keer gebore laat word het in die nuwe skepping in
— in die laaste, die finale Adam in?
Kan dit wees dat U my na Ú beeld herskep het?
— bevoorreg is om Ú te ken en lief te hê en te verheerlik
— bevoorreg om vir my nááste 'n voetwasser te wees
— bevoorreg om meer en meer aan die Here Jesus Christus gelykvormig te word

Waarlik, keer op keer droog my woorde op
as ek in oorstelpte verwondering en liefdesaanbidding
in U teenwoordigheid verkeer.

**><(((*>**

***Nico van der Walt***
***T:*** *082 848 9396*
***E:*** *nico.vanderwalt@reformed.org.za*
***W:*** *www.imagodei.co.za*